Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

23 Januarie 2026

**OMSENDBRIEF 2/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Tweekamp: Juandré Rheeders**, **Liana Rheeders**, **Wian Fourie** en **Else-Mari** Fourie het aan die Tweekampbyeenkoms van **17 Januarie** in Paarl deelgeneem. Wian was 4de en Juandré was 8ste. Al vier deelnemers het hulle persoonlike beste tye behaal. Ons is trots op julle!

   **Juandré** en **Wian** gaan Boland se B-span by die Interprovinsiale byeenkoms van **7 Februarie** in Oudtshoorn verteenwoordig. **Else-Mari** en **Liana** is in die Ontwikkelingspan vir dié byeenkoms. Ons sien uit om die res van julle seisoen dop te hou.

2. **Graad 8-saalbyeenkoms:** Alle graad 8-ouers word uitgenooi om Maandag **26 Januarie** om **7:25** 'n spesiale saalbyeenkoms vir die graad 8's by te woon. Op Maandag mag die graad 8's ook vir die eerste keer hulle amptelike groen skoolbaadjies skool toe bring, wat dan seremonieel aan elke graad 8-leerder op die verhoog oorhandig sal word. **Sorg dus asseblief dat u kind teen Maandag 26 Januarie 'n skoolbaadjie het**. Die dra van skoolbaadjies is verpligtend volgens ons gedragskode. Ons sal na die saalbyeenkoms ons tradisionele Golden Gate-seremonie volg en behoort tussen 8:30 en 9:00 klaar te maak.

3. **Koshuismaaltye:** Daar kan hierdie jaar weer etes by die koshuis gekoop word. Nie-koshuisgangers en nie-koshuisinwoners moet vooraf koepons koop teen **R57.00 per maaltyd**. Die koepons is by die finansiële kantoor te koop. Navrae kan aan die finansiële kantoor gerig word by 023 616 2160 of finansiesB@hsbonnievale.co.za. Bestellings moet asb. geplaas word **by Marica Lourens** by mlourens@hsbonnievale.co.za.

4. **Assesseringsprogram:** Saam met hierdie nuusbrief word die assesseringsprogramme vir die jaar geplaas op die verskillende graadgroepe. Die program dui aan watter assesserings u kind in watter week van die jaar doen. Die spesifieke dag en datum sal vroeg elke kwartaal deur die vakonderwysers bekendgemaak word aan die leerders. Maak asb. seker dat u kind nie assesserings mis nie en dat hy/sy die nodige ondersteuning kry. U kontrole en toesig oor u kind se akademie by die huis is kardinaal vir sy/haar sukses.

5. **Handboeke:** Handboeke is een van ons skool se duurste bates. Ouers het 'n bewys onderteken van die handboeke wat aan hul kinders uitgereik is. Op die bewys is ouers ook ingelig dat handboeke aan die einde van die jaar in dieselfde toestand aan die skool terugbesorg moet word. Rekeninge sal na ouers gestuur word wie se kinders se handboeke verniel is of weggeraak het. Die handboeke bly dus die leerder en ouers se verantwoordelikheid totdat dit terugbesorg word aan die skool. Help asseblief u kind om sy/haar handboeke mooi op te pas. Ons beveel ook sterk aan dat stewige skooltasse met afskortings gebruik word omdat gewone lap rugsakke die handboeke verniel en 'n rekening dan gestuur moet word vir die skade. Let ook daarop dat alle skryfboeke op **27 Januarie** oorgetrek moet wees. Kommunikeer gerus met mnr. Darius van Loggerenberg (laerskool) of mev. Suzaan Jordaan (hoërskool) oor enige versoeke of probleme met handboeke.

6. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen 'n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff 'n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Ma. 26 Jan. | Michael Jordaan verjaar<br>o.11 Krieket vs LS Ashton (weg)<br>o.13 Krieket vs LS Ashton (tuis)<br>SBL vergadering |
| Di. 27 Jan. | Atletiek LS Dorp byeenkoms te HSB |
| Wo. 28 Jan. | Me. Elizna Erasmus verjaar<br>o.19 Krieket vs HS Robertson (weg) |
| Do. 29 Jan. | HSB Kleure Swemgala |
| Vr. 30 Jan. | HS Tennis vs Bredasdorp (weg) |
| Ma. 2 Feb. | Me. Yolindé Delport verjaar |
| Di. 3 Feb. | o.19 Krieket vs HS Montagu (tuis) |
| Wo. 4 Feb. | o.11 Krieket vs Bontebok (weg)<br>o.13 Krieket vs Bontebok (tuis) |
| Do. 5 Feb. | LS Tennis vs Montagu (weg)<br>Top presteerders gr.12 seremonie Paarl Stadsaal |
| Vr. 6 Feb. | HS Tennis vs Swellendam (tuis)<br>LS Langeberg Velditems te Robertson |
| Sa. 7 Feb. | LS Langeberg Baanitems te Robertson<br>Tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn (Interprovinsiale byeenkoms)<br>Worcester-Oos Mini-krieket |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

"Onderwysers maak die deur oop, maar jy moet self dit betree." Chinese gesegde

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

